

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:2, 3 (52:2, 3)

- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:6, 7 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Gebed

Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Jug voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, jug van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Skriflesing: Lukas 1:26-45

Kernverse: Lukas 1:43

En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?
(Lukas 1:43 AFR53)

Tema: Deur die Heilige Gees sien 'n mens die wonder agter die doodgewone

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die lewe kan vir 'n mens soms so doodgewoon wees dat dit eintlik voorspelbaar is. Daar gebeur niks opwindends nie. Die son kom op en jy staan op. Na die gewone ontbyt pak jy die dag aan soos elke ander dag. Dit is die gewone werk wat gedoen moet word en jy moet dit doen, want niemand anders wil dit doen nie. Vanaand sak jy soos elke ander aand doodmoeg neer en gesels die doodgewone geselsies totdat jy soos gewoonlik bed toe gaan om die volgende dag weer aan te pak. As die naweek aanbreek, is daar darem so 'n bietjie afwisseling. Maar vir baie is die een naweek net soos al die ander naweke. Saterdag kom en gaan. Sondag breek aan en soos elke ander Sondag gaan jy uit gewoonte na die erediens. Vir baie mense het die lewe so doodgewoon geword dat dit eintlik 'n sleurgang geword het. Die een dag na die ander kom en gaan, so kom en gaan die een jaar ook na die ander jaar en die een Kersfees na die ander Kersfees.

Vir baie sal hierdie Kersfees net soos die voriges wees. Niks nuuts sal sommer gebeur nie. Dieselfde kuiermense met dieselfde geselsies. Alles so heel doodgewoon. Niks sal jou oog vang of jou hart vinniger van opgewondenheid laat klop nie.

Wanneer ons die lewe egter so benader, maak ons 'n baie groot fout. Wanneer ons die lewe so benader, is dit eerder ons wat die lewe vir onself so doodgewoon gemaak het. In en agter al die doodgewone van die lewe is daar verrassings wat ons lewe eintlik baie opwindend en uitdagend kan maak. Maar om die ongewone raak te sien wat die Here ons agter die gewone wil laat raaksien, moet Hy ons oë ook daarvoor oopmaak. Met ons kernvers wil die Here juis dit doen.

Nie baie lank nadat Gabriël die geboorte van Jesus vir Maria aangekondig het nie, het Maria uit Nasaret vertrek. Van Nasaret in Galilea af tot by die dorpie in Judea waar Sagaria en Elisabet gebly het, is 'n groot afstand. Oor hoe Maria die reis aangepak het en watter ontberings sy kon gely het, word ons nie vertel nie. Kort en saaklik berig die Heilige Gees aan ons:

In daardie dae het Maria opgestaan en haastig na die bergstreek gegaan, na 'n stad van Juda; en sy het in die huis van Sagaría gekom en Elisabet gegroet.
(Lukas 1:39-40 AFR53)

Vir ses maande al was daar stilte in die huis van Sagaria. Die enigste stem wat gereeld in die huis gehoor is, was die stem van Elisabet. Sagaria was steeds stom omdat hy die blye tyding wat die engel ses maande gelede aan hom gebring het, nie geglo het nie. Elisabet was verheug omdat die Here haar smaad weggeneem het. In haar ouderdom verwag sy haar eerstelingseun. Die enigste manier wat Sagaria regtig uiting aan sy blydschap kan gee, is deur daarvan op 'n bordjie te skryf. En nou skielik word daar 'n ander stem ook gehoor. Maria het vir Elisabet gegroet.

Toe gebeur daar iets baie groots in Sagaria se huis. Toe die groet van Maria in Elisabet se ore klink, het die ongeboore Johannes van vreugde in Elisabet opgespring. Dat 'n verwagte ma die ongeboore babatjie voel beweeg, is heeltemal normaal – dit behoort te gebeur. Maar hierdie beweging was heel anders as die gewone beweging van die

babatjie. Elisabet het dit geweet. Dit was 'n opspring van vreugde, want die moeder van die Here is nou in Sagaria se huis.

Die ongebore Johannes was nie alwetend nie. Hy was reeds voor sy geboorte vervul met die Heilige Gees. So het Gabriël immers aan Sagaria gesê (Luk 1:15). Deur die werking van die Heilige Gees het die ongebore Johannes geweet dat die stem wat nou in die huis klink niemand anders se stem is nie as die stem van die moeder van sy Here. Daarom het hy 'n buitengewone beweging gemaak. Hy het opgespring van vreugde. Elisabet is toe ook met die Heilige Gees vervul en sy het 'n loflied aangehef:

Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!
(Lukas 1:42 AFR53)

Dan volg die vraag van die nederige kind van die Here:

En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?
(Lukas 1:43 AFR53)

Broers, susters en kinders, dat Maria besoek by Elisabet aflê, is nie so buitengewoon nie. Elisabet en Maria is immers familie van mekaar. Dat sy ook so ver gereis het om Elisabet te besoek, is ook nie so vreemd nie. Ons reis ook soms ver om by familie te kuier. Dan ook nog: Maria is swanger. Ja, dit is nog maar in die heel begin van haar swangerskap en nog nie eers aan haar liggaam sigbaar nie. Maar Elisabet is 'n vrou wat met 'n vrou se oog na die dogter uit haar familie kyk. Op haar tipies vroulike manier sou sy aan Maria se gesig kon sien dat sy swanger is.

Maar dat Maria swanger is, is ook nie so buitengewoon nie. Maria is immers aan Josef verloof. Net soos in ons dae het dit ook in daardie tyd gebeur dat 'n man en sy aanstaande vrou hulle grense kon vergeet en te ver gegaan het. Josef en Maria is ook net mense. Daarom sou die swangerskap ook nie so buitengewoon wees nie.

God se Gees is egter by hierdie ontmoeting aan die werk. Sodra Elisabet vir Maria sien en hoor, stoot die Gees vir Elisabet vorentoe. Die Heilige Gees maak Elisabet se oë oop om agter die gewone die ongewone, agter die alledaagse die wonder raak te sien. Meteens het Elisabet geweet dat dit nie maar net Maria die aanstaande vrou van Josef was wat hier in haar huis staan nie – dit is Maria die aanstaande moeder van die Here wat in haar huis staan.

Daarom begroet Elisabet vir Maria nie op die gewone: Dag, kind, hoe gaan dit met jou? nie. Sy roep met 'n harde stem 'n loflied uit:

Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!
Waarom het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?
(Lukas 1:42b ,43 AFR83)

Met die aanraking van die Heilige Gees gaan Elisabet se oë oop om die wonder van die Here raak te sien.

Geliefdes, dit wil God vandag steeds met ons doen. Wanneer ons nou opnuut beseef dat Kersfees nie om die doodgewone van blink lintjies en helder deuntjies en duur geskenkies gaan nie, en ons onself aan die Heilige Gees se leiding onderwerp, sal ons oë oopgaan om die wonder agter die alledaagse raak te sien. Elke normale kontak met ander gelowiges – mans, vrouens en kinders, oud en jonk – kan 'n teken van die Here se barmhartigheid word omdat die Here sy trou en sorg deur middel van hulle aan jou

wil bedien. Selfs 'n eenvoudige blommetjie kan dan 'n glimlag van die Here se liefde vir jou wees.

Maar gelei deur die Gees sal ons oë vir baie meer oopgaan. Dan sal daardie honger straatkind en verflenterde bedelaar by jou deur nie net vir jou 'n irritasie wees nie, die ou oom en tannie in die hospitaal en ouetehuis sal nie net 'n klaerige oumens wees nie. Ineens sal jy Christus in hulle ontdek – Christus wat Hom vereenselwig met diegene wat ons hulp nodig het. Dan besef ons meteens: ja, wat ons aan die geringstes doen, doen ons aan Hom. Daardie bekertjie water en daardie stukkie brood het jy dan vir Christus gegee. Daardie vriendelike groet en luisterende oor het jy vir jou Here gegee.

Die tweede saak wat ons in hierdie vraag van Elisabet opmerk, is hoe die Heilige Gees maak dat 'n mens van jouself vergeet. Wanneer Elisabet voor Maria se koms sou uitroep: Waaraan het ek dit te danke? sou ons kon aflei dat sy van haar eie swangerskap gepraat het. Ons sou kon verstaan het dat Elisabet vra: Waaraan het ek dit te danke dat die Here my onvrugbaarheid van my weggeneem het?

Kinderloosheid was 'n groot skande vir 'n vrou in daardie tyd. Dit is as 'n vloek en 'n straf van die Here gesien. So 'n vrou mag nie meehelp aan die bou van die geslagte van die volk uit wie die Messias gebore sal word nie. Sy sou ook nie deur die oë van haar kinders of kleinkinders die beloofde Messias kon sien nie. So 'n vrou word geminag en bespot deur ander vroue. Kyk maar hoe het Hagar op Sara neergesien, Lea op Ragel en Peninna op Hanna!

En nou het die wonderlike werk van die Here gebeur. Elisabet het in haar ouderdom swanger geword. Sy is nou volwaardig vrou. Sy het haar lewe teruggekry deur die woord van Here. Haar blydschap en vreugde is besig om al groter te word. Dit sou bloot normaal gewees het om Elisabet vir Maria te hoor sê hoe vol vreugde sy is oor die seun wat sy verwag. 'n Mens kan jou indink hoe sy onophoudelik haar vreugde aan Maria kon vertel.

Maar nou gebeur die wonder: Deur die Gees van God vergeet Elisabet van haar eie vreugde en haar eie swangerskap, hoe wonderlik dit ook al is. In hierdie oomblik is dit net Maria en haar geseënde swangerskap: **Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?**

Dat die Here, die God wat sy hele skepping in sy hand vashou en so ver oor sy skepping heen kan kyk na die voleinding van alles, Homself so klein kan maak, Homself so kan ontledig dat Hy Homself as die ongebore vrug deur 'n meisie in haar nederige huisie laat indra, is vir Elisabet die grootste verrassing en die grootste geluk. Haar eie vreugde as aanstaande moeder in haar ouderdom vervaag voor die heerlikheid van die Here. Daarom sing sy in haar loflied net van die Here en vergeet heeltemal van haarself.

So wil die Here ook met jou en my doen sodat ons ook egte Kersfees kan vier. Wanneer die Here ons met sy genade aangeraak het en ons oog oopgemaak het vir die wonder wat agter die alledaagse skuil, dan kan ons ook nie anders as om onself te vergeet nie. Hoe besig ons ook al met onself en ons eie hartseer en vreugde was, dit alles val meteens weg en word onbelangrik om plek te maak vir ons Here alleen. Dan word ons deur die Koning van die konings in beslag geneem, die Koning wat ons in die Kindjie in die krip herken, en dan vra ons onself ook af: Waaraan het ek dit te danke, Here, dat U by my huis en in my lewe wil inkom en bly en regeer? Ek is dit nie werd nie, maar U ag my waardig. Daarom prys ons u Naam en u barmhartigheid.

Met hierdie grootse gebeurtenis en met hierdie nederige vraag maak die Here nie net ons oë vir die wonder agter die alledaagse oop nie en laat Hy ons nie net van onself vergeet nie. Met hierdie woorde bemoedig Hy ook sy geliefde dogter, Maria.

Hier moet ons onself probeer indink wat Maria, die jong ongetroude meisietjie, moes deurmaak. Sy is immers 'n egte mens en nie sondeloos en vlekkeloos nie. Alles was nie sommer van die eerste oomblik af helder en verstaanbaar nie. Trouens, sy het self gevra hoe sy swanger sal kan word sonder dat sy met 'n man omgang gehad het. Sy was wel verloof aan Josef, maar nog seker 'n bloedjong kind. Dit was normaal dat dogters reeds in hulle twaalfde tot hulle veertiende jaar verloof geraak en getrou het. Sy het sekerlik ook haar eie jongmeisiedrome gehad.

En as die heilige engel van God aan haar verskyn, is dit nie 'n wonder dat sy geskrik het nie. Hoe kan 'n sondaar bly lewe wat so digby die heerlijkheid en heiligheid van God gekom het. En sy is nog maar 'n kind; sy wil nie nou al sterf nie. Daarom moes Gabriël haar eers gerusstel voordat hy die blye tyding aan haar kon bring: Hy moes eers sê: Moenie bang wees nie, Maria. 'n Mens kan ook begryp dat sy verward was toe sy verneem dat sy 'n kind gaan kry. Hoe is so iets moontlik, want sy het nog nooit omgang met 'n man gehad nie? En dan skielik is die engel weer weg.

Aanvanklik het die lewe weer sy gewone gang gegaan. Maar nie te lank daarna nie het Maria opgemerk dat daar inderdaad 'n wonder in haar liggaam voltrek is. Sy was inderdaad swanger, want die Heilige Gees het die lewe in haar gewek sonder die toedoen van 'n man. Hoe nou gemaak? Vir haar ouers sal sy dit miskien nog vir 'n tyd lank stil kan hou, maar wat van Josef. Hy kom so graag gereeld kuier. Hoe sal sy vir hom kan sê dat sy nie meer sulke lang ente kan gaan stap en speel nie?

Dit is dan te verstane dat Maria dit op 'n gegewe moment nie meer sou kon uithou nie. Maar waarheen nou? Die Here het egter nie verniet deur Gabriël vir haar van Elisabet, haar familielid vertel nie. Sy gryp aan hierdie woorde van die Here vas en gaan haastig na Judea om by Elisabet uit te kom. En as sy naby die dorpie kom, is sy nie meer so haastig nie. Hoe gaan sy hierdie wonder aan Elisabet verduidelik? Ja, Elisabet is darem ook swanger, maar sy is wettig getroud en sy, Maria, is nog maar net verloof. Sal Elisabet glo dat sy swanger is omdat die krag van die Allerhoogste oor haar gekom het en nie omdat sy en Josef te ver gegaan het nie?

Maar let op hoe presies die Here sy plan met sy kind uitvoer. As Maria in die huis van Sagaria inkom, wag haar hemelse Vader haar reeds in. Deur Elisabet is die Here die een wat sy kind met oop arms ontvang en omhels en troos. Uit Elisabet se mond hoor sy die bevestiging van haar geloof: **Waarom het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?** Maria het nou die versekering ook uit die mond van Elisabet. Haar swangerskap is inderdaad van die Here. Hy het sy woord oor haar gebied en wat Hy gesê het, het gebeur.

Miskien het een van julle ook vanoggend met 'n beklemming om die hart na hierdie erediens opgekom. In die geloof kan u verseker weet dat die Here van daardie beklemming in jou gemoed weet. En Hy gaan sy woord ook oor jou gebied. Hy sal sy lig wat in die Kersfees destyds in Betlehem waar geword het in die donker van jou lewe laat inskyn. Hy het nie net vir Maria die weg aangewys om haar op te vang en te vertroos nie. Ook vir jou het Hy die weg aangewys al dink jy steeds dat jysel besluit het om na die erediens op te kom. Ook vir jou het Hy ingewag om met sy seën te begroet, al het dit miskien sommer by jou verbygegaan. Ook met jou het Hy deur sy Woord en die prediking daarvan gepraat.

In hierdie dae voor die soveelste Kersfees in jou lewe, is die Here besig om jou te bevry van die mag van die gewoonte en vol te maak met vreugde waarin Hy jou van die een wonder wat Hy vir jou berei het na die ander lei. Hy is besig om jou hart ruim en gereed te maak waar Christus alleen as Koning heers. Salig is jy as jy dit glo, want dit is die Here wat sy woord oor jou gebied en laat gebeur wat Hy gesê het.

Geliefdes, die lewe wat ons in genade uit die Here se hand ontvang, is nooit as te nimmer sommer net doodgewoon nie. Dit is onself wat die lewe doodgewoon en alledaags maak. Wie deur die Gees van Christus gelei en beheers word, sal agter die doodgewone die wonder wat God vir jou berei het, raaksien. In daardie eenvoudige mensie wat nood ly sal jy besef dat jy jou offer van dank aan die Here by daardie mens moet bring omdat Hy sy lewe vir jou geoffer het. In daardie wonder sal jy jou eie vreugde en hartseer vergeet sodat daar alleen plek is vir die Koning wat in jou lewe sy heerskappy wil uitoefen. En om die erediens Sondag na Sondag by te woon, is inderdaad ook nie maar iets gewoon nie. Dit is die Here wat aan jou die weg wys om met die lewe van sy Seun jou lewe te omvou en te vervul, want ook jy, kind van God, is waardig dat die Here in jou huis en jou lewe inkom.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 4-1:1, 2, 3

- 1 Ek wil die hoogste Heer / met blye roemtaal eer, / my Redder en Bewaker.
In nederige staat / wou Hy my nie verlaat, / my God en Saligmaker.
- 2 Van nou af sal hul roem: / hul sal my salig noem, / want God was my gedagtig;
sy wonderwoord aan my / het God bevestig, Hy / wat heilig is en magtig.
- 3 Barmhartigheid verleen / Hy deur geslagte heen / aan wie in Godsvrees lewe.
Sy arm, gedurigdeur, / tot kragdaad opgebeur, / is magtig, hoog verhewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Desember 2014